met brandewyn dronk gemaak het. Toe het hulle lekker gelag vir die snaakse springe van die dier. Maar toe hulle dit die volgende dag weer wou probeer, kon hulle die dier se bek nie oopkry nie. Wat 'n beskamende voorbeeld vir sulke roekelose!

As jy dus jou liggaam eer, wat die Here jou gegee het, dan is jou verstandelike vermoëns ook so goed as dit maar kan wees. Dan kan julle goed leer en vooruitkom in die wêreld. Dan hoor ons later groot dinge van julle in die kerk en in die parlement. Dan praat die mense oor julle en roem die huisgesin waaruit julle gespruit het. En dit alles omdat julle die Here op Sy Woord geglo het, wat sê: „Die, wat My eer, sal Ek eer."

Onthou nou vir julle hele lewe lank, dat julle liggaam na Gods beeld geskape is en dat dit die tempel van die Heilige Gees is. Dan sal julle dit in waarde hou.

## UIT DIE LEWE VAN EDISON.

Edison se afgetrokkenheid, wat partykeer in dromerigheid oorgegaan het, wanneer sy gedagte heeltemal vervul was met die een of ander wetenskaplike onderwerp, het vir hom baie onaangenaamhede besorg, en hierdeur hét hy ook sy betrekking as telegrafis te Startford verloor.

Op die oomblik, waarop ons verhaal begin, sien ons Edison op pad na Port-Huron toe. Hy hoop om nou daar by sy ouers te bly, totdat hy so gelukkig sal wees om 'n ander betrekking te vind.

Dat hy die toekoms nie donker insien, en vas verwag, dat sy gedwonge werkloosheid nie lank sal duur nie, toon sy opgeruimde gesig, sy vinnige loop en ongedwonge houding. Vrolik laat hy sy oë oor die landskap gaan. Dit lyk of die skerp koue hom ook maar baie min hinder. Hy stap vinnig oor die pad, tot hy die Sint-Clair rivier nader.

Dis 'n mooi skouspel! Al lê daar op ander plekke 'n stewige ysvloer oor die water, hier is dit nie die geval

nie. Die Sint-Clair is die breë pad, waarlangs die groot watermassas van die Huronmeer na die Eriemeer afgevoer word. Die sterk stroming van die water het die ys verhinder om vas te word. Die groot stukke ys drywe snel met die stroom saam, en stoot wild teen mekaar, sodat 'n mens die geraas baie ver kan hoor. Op sommige plekke, waar die rivier 'n draai maak, is hulle opmekaar gestawel, en het die weg vir die snelvloeiende water versper, sodat dit hoog opgestoot word. Dan breek die ysdam, en die water en die ys stort met 'n donderende geweld verder, en sleep alles saam en verniel alles, wat in die pad staan. Ook die spoorbrug het gebreek, en daardeur is die gemeenskap tussen die twee stede Port-Huron en Sarnia, wat weerskante van die Sint-Clair rivier lê, gestrem.

Edison kyk 'n hele ruk opmerksaam na die woeste natuurtoneel. Daar is vir hom iets wat hom aantrek in die kyk na die natuurkragte, wat met hulle onversetlikheid oor elke teenstand seëvier.

Eindelik gaan hy verder. Dis nie lank voor hy Port-Huron bereik nie. Na 'n kort besoek aan die ouderlike woning gaan hy telegraafkantoor toe. Sy hart dwing na die plek toe, waar hy sy eerste geld as 'n telegrafis verdien het. Hy word daar vrindelik ontvang. Die twis, wat hy met die direkteur gehad het, het hulle vergeet. Die beamptes druk hom almal die hand, en nooi hom om te gaan sit, en hulle te sê wat hy die laaste maande gemaak het.

Edison gaan sit, maar kyk verwonder in die plek rond. Al die beamptes, selfs die direkteur, sit ledig en rook op hulle gemak 'n pyp.

„Het julle dan nie werk hier nie?" vra Tom.

„Nee kêrel," antwoord een van die telegrafiste met 'n lag, „ons het almal vakansie."

„Ja, gedwonge vakansie," sê die direkteur op 'n verdrietige toon. „Dis nie reg, dat jy daaroor lag nie; die ding is ernstig genoeg."

„Wat is hier dan verkeerd?" vra die besoeker, nog meer verwonderd.

„Ag," antwoord die direkteur, „die telegraafleiding is gebreek. Deur die ysgang in die rivier is die spoorwegbrug verniel...."

„Dit het ek gesien," sê Tom tussenin.

„En toe het die drade, wat oor die brug geloop het, ook stukkend gegaan. Daar is op die oomblik glad geen verbintenis meer met die oorkant nie."

„Dis 'n slegte ding," sê Tom.

„Nog baie slegter as wat jy kan dink," vervolg die direkteur. „Omdat die spoorwegverbinding met Sarnia aan die oorkant verbreek is, en die briewepos ook nie vanweë die ysgang kan oorkom nie, dink die mense, dat die telegraaf alleen oorgebly het. Daar lê baie telegramme wat wag, en daar kom telkens van ander plekke nog nuwes by, wat ons verder moes sein, as ons dit net maar kon doen. Nou het ek die groot kantore laat weet hoe dit hier is, en hulle gevra, geen boodskappe vir Sarnia meer aan te stuur nie, omdat ons dit tog nie verder sal kan bring nie."

„Dis 'n snaakse storie," sê Edison.

„Treurig," sê die direkteur.

„En hoe lank sal dit nou so aanhou?" vra Tom. Die ongeval boesem hom meer belang in as vir die beamptes, wat dink, dat so 'n rustyd nie so sleg is nie.

„Dit kan dae lank duur," is die antwoord. „Solank as daar so baie ysgang bly, kan niemand oorkant-toe kom nie. Die afstand is wel nie so groot nie, maar die reis sou darem nou lewensgevaarlik wees. En dit sal nog langer neem, voordat hulle 'n ander telegraafdraad gespan het."

Met 'n swaar sug klop die direkteur die as uit sy pyp, wat onder die gesels uitgegaan het, en hy gaan voor die venster staan om die dooie winterlandskap te beskou.

Edison sit stil en dink en kyk na die solder. Dit het gelyk of hy daar 'n middel soek om die gemeenskap met die klein stadjie Sarnia, wat oorkant die Sint-Clair rivier lê, weer te herstel.

Die beamptes gesels intussen met mekaar oor alles en nog wat, en nou en dan klink daar een luid gelag as 'n beloning vir 'n grap, wat die een of die ander vertel het. Plotseling roep daar een op 'n vrolike manier:

„ Sê, Tom, wat sit jy daar en tuur na die solder toe? Wat wil jy daar soek?"

Die aangesprokene hoor glad niks, totdat hulle sy naam nog 'n maal noem, en die luid gelag van die ander hom tot die werklikheid terugroep.

„ Sê, dromer," roep hulle vir hom, „ dis nog nie tyd om bedtoe te gaan nie, hoor jy!"

Die jong man gee nie antwoord nie, maar hy staan op en gaan na die direkteur toe, wat nog maar altyd voor die venster staan en kyk. Nou dat Tom hom aanspreek, draai hy hom om.

„ Wat wou jy sê?"

„ Meneer," sê Edison toe, „ ek het oor 'n middel gedink om gemeenskap met Sarnia te kry, en . . . . ."

„ Weet jy dan so 'n middel?" vra die direkteur ewe haastig.

„ Wat?" roep die spotter van soëwe. „ Wil jy dan oor die rivier vlie, Tom?"

„ Nee," sê hy, „ ek kan nie vlie nie, maar . . . . ."

„ Nou, praat dan man," sê die direkteur ongeduldig tussenin; „ in 'n skuit kan jy ook nie oor die rivier kom nie."

„ Tom wil swem," sê een van die beamptes; „ dis nou net baie lekker weer om te swem."

Hulle lag almal, behalwe die direkteur, wat kwaad word.

„ Laat julle lawwe praatjies tog bly," versoek hy. En dan weer tot die jong man, wat nog altyd stil staan en dink, en so van sy denkbeeld vervul is, dat hy die geterg skaars hoor:

„ Praat dan, Edison, as jy iets te sê het. Op watter manier wil jy berig na die oorkant toe bring?"

„ Telegrafeer," was die antwoord.

„Maar die draad is mos stukkend!"

„Ek sal sonder 'n draad telegrafeer," sê hy weer.

„En waarmee dan?" vra 'n spottende stem.

„Met die stoomfluit van 'n lokomotief," is Tom se antwoord.

Nou lag hulle somar hard, maar Tom kyk na die direkteur, wat nie weet, of hy moes kwaad word vir die jong man nie, of hoe.

„Skeer jy die gek met my?" vra hy nors; maar Edison neem sy vroeëre baas na die venster toe, en daar praat hy enige oomblikke saggies met hom. Met groot belangstelling luister die ervare man nou na wat hy sê, en toe hy klaar gepraat het, draai die direkteur hom na die beamptes toe, wat daar nog staan met die spotlag op hulle gesigte.

„Menere," sê hy ernstig, „hierdie jong man verdien eerbied in plaas van spot. Sy plan is goed en kan uitgevoer word. En dis só eenvoudig, dat ons ons gerus kan skaam, dat ons nie self aan so iets gedink het nie. Edison kom die eer van die ding toe! Nou sal hy ook die plan uitvoer, en hy alleen."

„Watter plan?" vra hulle nou almal tegelyk.

In kort woorde sê die direkteur vir die telegrafiste, wat Tom aan hom toevertrou het. 'n Luid hoera word spoedig gehoor vir die jong man, wat hulle net 'n oomblik gelede nog gestaan en uitlag het.

Daarna gaan die direkteur met Edison buitentoe om die ding, wat hy uitgedink het, te gaan probeer.

'n Telegrafis ken sy alfabet net so goed as wat ons ons eie ken. As hy 'n telegram moet oorsein, dan weet hy vir elke letter hoeveel kort of lang drukkies hy vir die sleutel moet gee. En in die kantoor van ontvangs, lees die beampte die strepies en die puntjies net so vinnig as wat ons die gewone drukletters lees.

Ja selfs—en nou kom ons so stadig aan by die proef, wat Edison wou neem—kan 'n geoefende telegrafis *hoor*, wat daar gesein word, sonder dat hy die strepies en

puntjies *sien.* Telkens wanneer die anker deur die elektro-magneët aangetrek word, gee dit daarop 'n tikkie, wat 'n mens goed kan hoor. As jy ooit in 'n telegraafkantoor was, dan sal jy daardie getik gehoor het. Tegelyk met die tikkies kom dan die strepies en punte op die papier. En nou kan 'n goeie telegrafis uit die tikkies, wat vinnig op mekaar volg, die letters en daaruit die woorde *hoor,* wat oorgesein word.

Hierop het Edison sy plan gebou!

Hy sou tik, só hard, dat 'n mens dit aan die oorkant van die rivier kan hoor.

Tik, waarmee?

„Met die stoomfluit van die lokomotief," was Edison se antwoord. „Die fluit moet skreeu, in kort en lang stote, net soos die puntjies en die strepe is, wat ek oorsein."

Dit was die vinding van die jong man: só eenvoudig, en tog só mooi!

Hulle het gougou by die spoorwegstasie gekom, en 'n oomblik later het die direkteur met Edison op 'n lokomotief na die oewer van die rivier toe gery, tot aan die plek, waar die oorblyfsels van die brug hulle gekeer het om verder te ry.

Aan die oorkant het baie van die bewoners van die stadjie Sarnia saamgekom, om die woeste skouspel van die drywende en teen mekaar stotende ysmassas te bewonder.

Daar klim Tom op die lokomotief, gryp met 'n vaste hand die kruk van die stoomfluit en draai hom om. Die stoom ontsnap in klein wit wolkies, en 'n oorverdowende gefluit klink deur die lug.

Het hulle dit aan die oorkant gehoor?

Die direkteur kyk skerp na die oorkant toe. Hy sien dat daar 'n beweging onder die mense kom.

„Hulle hoor jou, Tom!" sê hy haastig.

Nou sluit Edison die kraan toe, maar open dit weer verskeie male vinnig agter mekaar met nou langere, en dan weer kortere tussenpose.

Die direkteur kyk met bewondering na die jong man.

Hy verstaan wat die stoomfluit uitskreeu.

Luister! Drie *kort* gille, dit is S; dan een korte en een wat *langer* is, dit beteken A; daarna een korte, een lange, en nog een korte, dit beduie R; een lange en een korte, is N; twee kortes is I, en dan weer een lange A.

„Sarnia," skreeu die stoomfluit, en dan weer: „Sarnia!"

Sou hulle dit aan die oorkant kan hoor?

*Hoor,* seker, maar ook *verstaan?*

„As daar maar net 'n telegrafis onder hulle is," sê die direkteur, „hy sal dit miskien verstaan."

„Ja," antwoord Tom, „dis my enigste hoop, want die ander mense begryp daar natuurlik niks van nie."

Weer skreeu die stoomfluit: „Sarnia, Sarnia!"

Daar kom nie antwoord nie! Geen enkel teken, dat hulle hom verstaan nie!

„Ek sal iets anders roep," sê Tom; en dadelik klink die kragtige geluidstote weer deur die lug, maar nou in 'n ander volgorde. Die geoefende oor van die direkteur onderskei nou die woorde:

„Hoor julle my?" En dan weer: „Sarnia, hoor julle my?"

Nog geen teken nie! Die direkteur loop heen en weer in die sneeu en stamp met die voete van koue en ongeduld; en Tom moes die tintelende vingers 'n bietjie in die mond steek, voor hy die kruk van die stoomfluit weer kon aanvat.

Intussen het die menigte mense aan die oorkant van die rivier nog meer geword. Daar heers groot onrus onder die mense, wat blykbaar goed begryp, dat die bedoeling van die fluitstote is om vir hulle iets te *sê,* maar nie kan *verstaan,* wat hulle op so 'n ongewone manier toegeskreeu word nie.

Weer klink die stoomfluit:

„Sarnia! Sarnia! hoor julle my?"

Daar druk aan die oorkant iemand deur die menigte heen tot aan die oewer. Hy swaai 'n wit doek hoog bokant sy hoof.

Edison vat gougou sy sakdoek en beantwoord die teken. Onmiddellik daarop sien hy die man haastig wegloop.

Nou voel Tom gerus.

„Hulle het ons verstaan," sê hy aan die direkteur, terwyl hy van die lokomotief afspring. „Ons moet nou maar 'n oomblikkie wag."

Hulle wag, maar die oomblikkie het langer geduur as hulle gedink het. Die direkteur kon sy ongeduld skaars bedwing, en Tom het ook onrustig heen en weer geloop, en nou en dan op die lokomotief geklim om beter na die oorkant toe te kan sien.

En eindelik, daar haal hy nog 'n keer die sakdoek uit en swaai hom vrolik in die helder lug. Wat het hy gesien? Aan die oorkant het eweneens 'n lokomotief verskyn, en daarop sien hulle die man, wat weer met die wit doek swaai.

Edison gryp onmiddellik die kruk van die stoomfluit, en sein:

„Sarnia, hoor julle my?"

En daar kom die antwoord gillend van die oorkant af:

„Ja, ons hoor julle!"

„Hoera!" skreeu Tom, en die direkteur het luid met die juigtoon ingestem.

Hy klim gougou op die lokomotief, en gryp Tom aan sy skouers en roep:

„Kêrel, jy is die knapste telegrafis in die hele Amerika!"

Tom lag, en sê:

„'n Knap telegrafis sonder betrekking."

„Jy sal 'n mooi betrekking kry," sê die direkteur opgewonde. „Ek sal vandag nog na die hoofstad telegrafeer. Jy kan daaroor gerus wees!"

Toe gaan hy op die plek van Edison staan. Met die stoomfluit het hy die vernaamste telegramme oorgesein, en die telegrafis, wat aan die oorkant op die lokomotief staan, het elke teken volkome verstaan, en die berigte op papier oorgeskryf.

So het hulle die gemeenskap weer herstel, en het dit op die manier onderhou totdat hulle 'n kans gekry het om 'n ander draad oor die rivier te span.


Die direkteur het sy belofte aan Edison gehou. En binne 'n paar dae het hy 'n voordelige aanstelling in Adrian, in die staat van Michigan, gekry, en so gou as moontlik het hy soontoe gegaan.—J. STAMPERIUS.—*Wilskracht en Genie, taferelen uit het leven van Edison.*

## 'N WALVISVANGS.

Julle het seker al gehoor dat mens nou en dan diep onder die grond geraamtes van diere vind, wat in tye gelewe het, so lank gelede, dat nie een volk daarvan die herinnering behou het nie.

Gewoonlik is dit reusagtige akkedisse, wesens met 'n liggaam, kort pote en 'n geweldige stert, amfibieë, wat en in die water en op die land moes gelewe het. Hulle is geheel en al uitgesterwe, ten minste wat die landdiere aangaan, maar in die see vind ons nog 'n enkel soort: die walvisse.

Ver in die noorde en diep in die suide, in die seë rondom die twee pole, vind mens die walvis, 'n dier, so verskriklik groot, dat mens geen ander lewende wesen daarmee kan vergelyk nie. Hy is soms honderd voet



lank en die kop bedra een-derde van die gehele lengte. Dit is ook eintlik nie 'n vis nie, want hy het warm bloed, haal asem deur longe en is 'n soogdier. Die stert staan ook nie, soos by die visse, regop nie, maar dwars, en is, net soos by die seehond, eintlik niks anders as agterpote, wat ineen gegroei het nie.

Op hierdie dier word deur die mens ywerig jag gemaak. Elke jaar gaan daar van Skotland, die Verenigde State, maar veral van Denemarke en Noorweë, skepe uit vir die walvisvangs. Dis 'n gevaarlike werk.

In die eerste plaas die ver reis. Sommige skepe gaan ten suide van Kaap Hoorn om, seil dan in die Stille Suidsee op, tot hulle in die Behringsee kom en gaan dan deur die Behringstraat na die Noordelike Yssee toe om, daar vis te vang. As so 'n skip baie gelukkig is, kom dit oor 'n jaar of vier tuis.

Die meeste egter seil van Europa of Amerika direk na die Noorde toe, maar elke jaar trek die walvisse meer weg en word dit moeiliker om hulle te vind. Ook word die getal gedurig minder omdat daar soveel walvisvaarders kom. In die maand Julie van elke jaar

vertrek die skepe en binne 'n paar weke is hulle in die Yssee. Deur die somerwarmte begin die ys te breek en die skepe vaar die groot skeur binne. Onder die walvisvaarders heers naamlik 'n geloof, dat in die nabyheid van die Pool 'n groot oop see is, waar dit van walvisse wemel. Iedereen probeer dus om so ver moontlik noord te kom en waag hom in die skeure. Dit is die eerste gevaar. Voor jy daarop verdag is, kan so 'n skeur hom weer sluit en die skip word soos 'n notedop verpletter. Daarom sien 'n mens die bote los op die dek staan, volgelaai met allerlei benodighede. Mog die skip sink, dan bly hulle miskien drywe; soms kan die bemanning nog net hulle lewe red deur ylings op die ys te spring, terwyl skip en bote in die ysskeur verdwyn.

Is egter die reis gelukkig en die see taamlik vry van ys, dan seil die skip langsaam heen en weer en probeer om walvisse in die gesig te kry. Bo in die mas hang 'n vat, 'n sogenaamde kraaines, waarin 'n man staan, wat deur 'n verkyker onophoudelik die horison bespied. Julle weet, dat mens 'n walvis van ver af kan sien: uit sy kop spuit twee strale op; die meeste mense dink, dat dit water is, maar dit skyn nie so te wees nie. Waarskynlik is dit die warm asem van die vis, wat so duidelik sigbaar is in die koue lug. Julle het tog ook al julle eie asem gesien, as julle dit op 'n koue wintermôre uitblaas.

Plotseling roep die spioen: „Daar spuit hy!" en wys met 'n uitgestrekte arm in die rigting van die vis.

„Al hens (alle hande) op dek!" bulder die kaptein, en in 'n oomblik is alles in rep en roer. Mens kan somar aan die manne sien, dat daar eie belang in die spel is, anders sou hulle hulle nie so uitsloof nie. Dit is ook werklik die geval: elke man het 'n aandeel in die opbrings van die vangs. Fluks word die seile gehys en koers gevat na die vis toe. Mens moet gou by wees,

want, daar is gewoonlik kapers op die kus. Op omtrent 'n half myl afstand word die bote afgelaat en onder die grootste stilte gaan hulle vinnig verder.

Op die boot is 'n soort van 'n kanon. Dit word gelaai met 'n swaar pyl, met vier weerhake aan die punt, wat nou aaneenlê, maar ope word, as mens probeer om die pyl uit die wond te trek. Aan die pyl is 'n lang tou bevestig. Julle sal sê: „Waarvoor is dit nodig? Dis baie gemakliker om 'n walvis met 'n bom dood te skiet." Dit is so, maar die dooi vis sou onmiddelik sink en, as mens hom nie aan 'n tou het nie, verlore gaan.

As die boot naby genoeg is, skiet die harpoenier sy pyl af. In vroeër tye het hulle die wapen met die hand gegooi, maar nou nie meer nie. So gou as die vis merk, dat hy gewond is, duik hy. Onbegryplik snel loop die tou af. As een lyn te min is, word nog een aangeknoop en soms is nog 'n derde ook nodig. Dit gaan so gou, dat daar geen tyd is om iemand te help, wat daar in verward raak nie. Hy is onherroepelik verlore. In gewone omstandighede bly die vis omtrent tien minute onder water en kom dan weer bo om asem te skep, maar as hy gewond is, bly hy soms byna 'n uur weg. Al die tyd swem hy met 'n groot snelheid voort en die boot gaan natuurlik mee. Soms gaan hy onder 'n ysveld in; die bootsliede moet dan die lyn afkap om nie met boot en al meegesleur te word nie, en dan gaan vis en tou verlore.

Eindelik kom hy weer bo en lê uitgeput na asem en hyg. Deur die vreeslike wond het hy baie bloed verloor en om hom heen is die water netnou rooi. Die boot kom saggies nader, terwyl die tou weer opgerol word; 'n twede harpoenier vuur 'n pyl af en nogmaals duik die vis onder. Maar nou bly hy nie so lank onder nie; weldra is hy weer aan die oppervlakte en na 'n hewige doodstryd, waarby hy hom soms deur middel van sy stert

ophef en 'n end uit die water skiet, beswyk hy aan bloedverlies en draai die liggaam om.

Spoedig word al die bote aan die toue vasgemaak en in opgeruimde stemming roei die manne met hulle buit na die skip toe. Dit kon anders afgeloop het. Menige boot is deur so 'n monster met die bek verbrysel, meer as een deur 'n enkele slag van die stert in die hoogte geslinger. Maar nou is die roeiers vrolik; 'n groot vis lewer nogal baie traan op, en dit belowe 'n vroeë huisreis.

As hulle by die skip aankom, maak hulle die vis eers deeglik aan die want vas. Dan spring 'n paar matrose op die liggaam en steek met skerp grawe die stukke spek af. Ander hys dit weer aan boord en laat dit in die ruim af, waar hulle deur twee manne opmekaar gestawel word. Hoe die twee lyk, behoef ek julle seker nie te sê nie. Nog ander kap die groot plate balein in die bek los en binne kort is alles, wat enige geldswaarde aan die vis het, verwyder. Die orige laat hulle wegdrywe. Nou begin die uitsmelt; die stukke spek word op die dek uitgebraai en die traan in vate weggepak.

En so gaan dit deur, week na week, tot eindelik die somer na sy end toe gaan. Dis selde dat 'n skip met 'n vol lading tuiskom, meesal is daar in die vloot 'n paar, wat byna leeg terugkom, en selfs in die gunstigste omstandighede is dit so 'n gevaarlike werk, dat ons die arme mense moet bejammer, wat op so 'n ellendige wyse die brood vir vrou en kinders moet verdien.

(*Uit De Buitenschool.*)

# IN DIE WINTERAAND.

Dis winter. Die aand is guur en donker; 'n nat koue, half mis, half reën, spot met die oorjas en warm onderklere, en dring tot in die murg van die bene deur. Die fladderende gasvlamme gee maar net hier en daar 'n onseker lig en dit ook net by tye, al nadat die onstuimige wind dit toelaat. Met stappe so groot as sy lang bene hom dit veroorloof, loop my vrind Jurgens langs die grag. Hy word nie gou bang nie: 'n worsteling met wind en reën, 'n wandeling as daar onweer is, wanneer hy vir hom kan verbeel, dat hy met die elemente kamp, het vir die goedige reus almelewe iets gehad, wat hom besonder aantrek, en nou ook laat die liedjie, wat altoos op sy lippe is, hom ewemin as die gasvlam deur die wind wegblaas. Maar vanaand is dit vir hom darem ook te erg, en hy loop vinnig om gou onder dak te kom.

Plotseling staan hy stil met 'n: „Wat sê jy?" Links van hom, êrens in die diepte, op die hoek van die klein winkeltjie, het hy een hoor kerm: „Ag, my liewe Meneertjie."

My vrind Jurgens staan doodstil: 'n stem, wat so vreeslik droewig, so wanhopig weemoedig klink, het hy nog nooit verneem nie. — „Wat sê jy?"

Die klompie ou lappe, wat daar roer, blyk nou 'n kind te wees, 'n meisie van omtrent vyf jaar; die groter klomp lappe, wat in die hoek opgestawel bly, word veronderstel die moeder te wees, van wie as dit nodig sou wees, nog 'n ander vormlose klompie, 'n kindjie van 'n jaar en 'n half, hom ook nog wel sal kan loswikkel. Maar nou by ons goedige reus sal dit mos nie nodig wees nie, en die klomp bly dus verder in sy geheel.

Op sy vraag begin daar tussen die vrou en die kind 'n beurtsang vol ellende. 'n Vader, wat al maande lank in die bed lê; kinders wat deur die koors uitgeput is; dis al drie dae, dat hulle geen brood, geen vuur, geen lig gehad het nie: nee, dit sal nie nodig wees vir die klein kindjie, wat as reserwe gehou word, om op te kom om vrind Jurgens, die reus, vir hulle te win nie. „Wel!" sê hy, en krap hom agter sy oor. (Wat sien daardie kind met haar melankolieke gesiggie daar tog allerliefs uit). „Og Here," sê hy, en sy hand grabbel al in sy sak.

Wat hy daaruit haal, sal ons liewers nie sê nie. Dis baie snaaks, maar vrind Jurgens se kleingeld het hy altyd almal uitgegee, of hy kan dit nie vind nie, as hy fooie moet gee of met bedelaars praat. Maar dit weet ons darem, dat al die seën van die aarde en die hemel. van die tyd en die ewigheid op die salwendste toon oor die hoof van die „Liewe Meneertjie" ingeroep word. Met 'n „Nou ja! dit weet ons al lankal"—stap die Meneertjie van ses voet verder. Om die waarheid te sê. doen dit hom tog goed, om die dankbare woorde, wat hy „al lankal weet" te hoor. Dis net asof daar iets in sy keel is, wat warm voel.—S. GORTER.

Nig San was uit, Jo'burg se kant:
Haar kleur was net so effe blas;
Haar haar swartkroes, maar darem mooi.—
Sy 's nou weer trug, as sneeu so w[illegible]
Die vel, en kyk, die hare is rooi!
Is die klimaat van daardie Rand
Wel reg gesond vir so 'n nooi?

## ONS REGERING.

Vandag wil ons 'n bietjie met mekaar gesels oor die manier waarop ons geregeer word. In die klein dorpies vind ons 'n Resident-Vrederegter, ondersteun deur 'n paar poliesiedienare. In sy hof word die klein sakies behandel. As hulle van meer gewig is, word hulle uitgestel tot die periodieke hof, wat elke maand deur die magistraat van die hoofdorp van die distrik gehou word.

Gevalle van ernstige aard, soos diefstal, brandstigting, moord en dergelike word somar dadelik voor die magistraat gebring.

Die magistraat hou 'n voorlopige ondersoek. As hy dink dat die aangeklaagde skuldig is, verwys hy die saak na die Rondgaande Hof. Dit word gehou deur 'n regter uit die hoofstad van die provinsie, wat tweemaal in die jaar al die vername dorpe besoek, en die sake hoor. Sake van nog hoër belang word in die hoofstad gehoor deur die Hoë Hof, wat bestaan uit drie of vier regters. Dan is daar nog maar net een hoër hof, wat mens die hof van Appèl noem, wat in Bloemfontein sit, en waarvan die lede tot die vernaamste regters van die vier provinsies behoort. Al die verskillende howe is ingestel om die wette te handhaaf en die burgers te beskerm.

In 'n hofsitting gaan dit op hierdie manier. Veronderstel, dat die regter gekom het om sake te hoor in 'n dorp. Laat ons die saal binnegaan en aandagtig oplet, wat daar aangaan. Die ou man daar voor 'n hoë lessenaar, in 'n deftige rooi mantel gekleed, is die regter. In die bank aan sy sy sit die juries. Dit is gewone burgers, wat deur die balju opgeroep word, om die saak te hoor, en aan die regter te vertel of hulle dink, dat

die aangeklaagde al of nie skuldig is nie. Vir elke nuwe saak word 'n nuwe jurie ingesweer, anders sou die mense te moeg word. Ieder burger van die land kan opgeroep word om op 'n jurie te dien, behalwe goewermentsamptenare, predikante en onderwysers. Die man, wat weier om te dien, word deur die hof gestraf.

Voor die regtersbank is 'n lang tafel met 'n groen kleed bedek; daaraan sit 'n aantal manne, deftig gekleed in toga en bef: dit is die advokate. Die moet probeer om hulle saak so goed as moontlik kan aan die jurie voor te stel. Die beskuldigde man het sy advokaat. Hy moet probeer om sy man los te kry; aan die ander kant staan die verteenwoordiger van die koning, wat die kwaad moet straf. Die man word die publieke vervolger genoem. Nog meer na vorentoe is daar twee vierkant hokkies, in die een staan die beskuldigde, en 'n konstabel staan by hom om hom op te pas; in die ander hokkie staan die getuie.


As die hof begin, kom die regter deur 'n sydeur binne en al die mense staan op, om hul eerbied vir die wet te betuig. Julle sal opmerk, dat iedereen sy hoed afhaal, as hy in die hofsaal kom. Alleen die konstabel, wat die wag hou, het sy helmet op. Dit behoort so. Die beskuldigde staan in 'n hokkie, en die saak begin.
Eers staan die publieke vervolger op, en lees uit 'n papier voor, dat daar op die en die datum deur die en die man dit of dat kwaad gedoen is. Dan word vir die aangeklaagde gevra, of hy skuldig of onskuldig is. Pleit hy onskuldig, dan moet die getuie kom. Die publieke vervolger roep mense op, wat iets van die saak weet, wat dit self gesien het of daar tenminste iets sekers van kan vertel. Die word dan ondervra, en dan kry die ander advokaat 'n kans. Hy probeer dan weer om die getuienis omver te werp. Op allerlei maniere doen hy sy bes om te laat uitkom, dat die getuie nie veel

van die storie afweet nie. En so gaan dit voort tot al die getuie gehoor is.

Dan begin die pleidooie. Die een advokaat spreek die jurie aan, bewys so goed as hy kan, dat sy saak reg is, en dat die getuienis alles in sy faveur is; dan is dit die ander man se beurt, wat ook die jurie aanspreek, en hulle probeer oortuig, dat die reg aan sy kant is. Dan is dit die beurt van die regter. Hy gaan deur al die getuienisse en som op 'n onpartydige manier op, wat daar ten voordele of ten nadele van die beskuldigde voorgebring is.

Nou moet die jurie sê, wat hulle daarvan dink. Gewoonlik gaan hulle na hul kamer om met mekaar die saak te bespreek. Soms duur dit kort, soms ook ure lank en natuurlik gaan die hof in die tussentyd met 'n volgende saak voort. As hulle eindelik ooreenstem, laat hulle dit aan die regter weet, wat hulle weer in die saal laat terugkom. Dan vra die amptenaar van die hof aan hulle: Vind julle die aangeklaagde skuldig of onskuldig? In die laaste geval word hy deur die regter ontslaan; in die eerste, volgens die wet gestraf.

Maar, sal julle sê, ons hoor nou wel van mense, wat die wet moet handhaaf, maar wie maak nou die wette? Wel, die word deur ons parlement gemaak. Daar is natuurlik al honderde ou wette. Daar is die tien gebooie, die Romeins-Hollandse wet, wat deur die Oosindiese Kompanjie hier ingevoer is, en dan het elke provinsie nog sy eie lokale wette. Julle kan begryp, dat dit 'n hele studie is vir 'n man, om al die wette in sy hoof te kry. Ja, dis 'n moeilike vak, om 'n regsgeleerde te wees; maar daarby skoon en edel, om die verdrukte mensheid by te staan. En elke jaar maak die mense nog meer wette. Iedere provinsie het sy eie provinsiale raad, en dan is daar nog die groot parlement in Kaapstad, wat voorsiening in die wetboek moet maak vir die behoeftes van die ganse groot land. wat ons die Unie van Suidafrika noem.



*Die Parlementsgeboue in Kaapstad.*

As julle groter word, sal julle dalk nog eendag in die hoofstad kom, waar die parlement sit. Dit is belangrik om te sien, met hoeveel versigtigheid die lede moet te werk gaan om goeie wette te maak. Dit is 'n gepraat en gepleit, want iedereen het sy eie gevoele, en probeer om ander lede net so te laat dink as hy self. Dit behoort vir die jongetjies 'n ideaal te wees om eenmaal ook lid te word van die raad van kerk en maatskappy. Maar daarvoor word alleen die beste manne gekies. 'n Kind, wat sy tyd op skool versuim, en altyd deur sy onderwyser moet aangeja word, kom nooit sover nie.

Laat ek julle 'n goeie raad gee. Wat julle vernaamlik moet doen is leer om te praat. Vra daarom julle onderwyser om vir die jongetjies van julle skool 'n debatsvereniging te hou. Eers gaan dit swaar om op te staan en iets in die publiek te sê, maar dis nie so erg nie. „Aanhouer wen." Later word julle dalk lid van 'n distriksdebatsvereniging en daar gaan dit al beter. Dan word julle lid van 'n politieke vergadering en as julle daar 'n bietjie ondervinding kry, begin die mense al van julle te praat, en as die volgende verkiesing kom, kry julle al 'n paar stemme. So gemaklik sal dit ook nie gaan om in te kom nie, maar dit is niks. Jou naam word tog genoem, en binne 'n paar jaar is jy, wat jy wil wees. En is mens eenmaal daar, dan word jy dalk nog minister. Elke kind het dieselfde kans. Maar om daar te kom, is daar heel wat moeilikhede om te oorwin.

Maar wat sê die Skrif: „*Niemand word gekroon nie, as hy nie wettelik gestry het nie.*"

En is die prys die moeite nie werd nie?

*(Uit De Buitenschool.)*

# DIE TURKE.

In een paar woorde sal ek aan my lesers 'n beskrywing gee van die eienaardige volkskarakter van die Turke; 'n karakterbeeld, wat mens in al die vertakkings van die Turkse stam terugvind, hoewel die land deur hulle bewoon baie uitgestrek is. Die Turk is stadig en log, sowel wat sy liggaam betref as sy gees; daardeur is hy standvastig en hou hom hardnekkig by sy besluite, nie as uiting van sy lewens filosofie nie, maar omdat hy 'n afkeer het van alles wat hom van posiesie sou moet laat verander.

Net soos sy stamgenoot in die woestyn hom urelank kan besig hou om onbeweeglik die golwende beweging van die woestynsand te beskou, so staar ook die Turk aan die Bosforus ure agtermekaar na die helder lug, terwyl hy geen ander beweging maak as nodig is nie om die rookwolke van sy pyp uit te blaas, of hy bewonder die duisendmaal gesiene kleure van sy tapyt.

Enigeen wat vinnig loop of praat, of selfs lewendige gebare maak, sien hy aan vir mal; 'n rats beweging van hand of voet beskou hy vir onbeleef.

Daardeur is sy manier van loop statig, en al sy bewegings is deftig en kalm. Selde verraai hy deur 'n gebaar, wat hy inwendig gevoel.

As ons hardop sou lag, dan kom daar by die Turk slegs 'n glimlag op sy gelaat, waar ons die hande sou klap, gee die Turk sy goedkeuring slegs deur 'n hoofknik te kenne, of blaas hy die rookwolke van sy pyp 'n bietjie vinniger uit.

Hierdie karaktertrek blyk ook uit die volgende spreekwoorde:—

„ Die wat vinnig loop is gou moeg."

„Wat vinnig groei is gou uitgeblom.”

„Loop kalm, dan haal jy die haas in.”

„Geduld is die sleutel van alle genot.”

’n Gevolg van die aangebore traagheid is die groot erns en marmerkoue uitdrukking van sy gelaat, wat maklik aangesien word vir wysgerigheid, en aan die geringste sowel as die hooggeplaaste ’n seker voorkome van vernaamheid gee. Hierdie laaste word veral bevorder deur die omstandigheid, dat daar nie ’n aristokratiese standeverskil bestaan nie, sodat al die Turke gelyk is, en die armste Turk tot die hoogste rang kan opklim as hy deur geluk, talente of omstandighede begunstig word. Die armste selfs het ’n beleefde en deftige geaardheid en skyn nooit te vergeet nie, dat hy hoewel in ’n hut gebore, in ’n paleis kan sterf, en deur die feit voor oë te hou skyn hy altyd so te handel asof die tyd vir standverandering al gekom het.

Uit hierdie eienskappe is maklik te verklaar, dat die Turke te lui en te trots is om handearbeid te verrig, en selfs om hulle in te span om geestelike ontwikkeling te verkry, eienskappe wat noodsaaklik die diep verval van land en volk veroorsaak. Hoewel die Turke van natuur vernuftig is en ’n sterk geheue besit, kom deur hulle onverbeterlike traagheid die talente nie tot ontwikkeling nie.

Aan hulle ontbreek die lus om te werk; die rustelose nuus- en weetgierigheid van die ywerige Europeaan en ’n begeerte om iets groots te volbring is vir hulle geheel en al onbekend.

Die natuurlike luiheid word begunstig deur, of het miskien in die lewe geroep die leer van die onverbiddelike noodlot. Niks het meer invloed op die nasie gehad as daardie leer; aan die een kant het dit hulle onbuigbaar en oorwinnend gemaak, aan die ander kant ontoeganklik vir meerder ontwikkeling.

Die gedagte dat in ’n geveg, temidde van die moorddadigste koeëlbui, hom geen skot kan tref, as God dit

nie so beskik het nie, maak van die Turk 'n dapper soldaat; maar aan die ander kant maak die oortuiging, dat God sonder menslike tussenkoms alles reël en bestuur, hom werkeloos en traag. Hierdie geloof het aan die Turke in hulle gelukkige dae krag gegee as veroweraars op te tree, maar in die tye van ongeluk het dit veroorsaak, dat die Turk die agteruitgang en verval van sy nasie met kalme gelatenheid kon aansien.

Ons kan veilig beweer, dat hierdie oortuiging die wedergeboorte van die Osmaanse ryk tot 'n onmoontlikheid maak.

Alles wat die toekoms aan die Turk bring, is vantevore bepaal; dit is sy vaste en sekerste troos. Onder die swaarste verlies sal hy nie murmureer nie; hy sê alleen: „Allah het dit gegee, Allah het dit teruggevat; Allah is groot!"

Val 'n hooggeplaaste beampte in ongenade en word die doodvonnis oor hom uitgespreek, gewillig doen hy afstand van betrekking en lewe, as hom maar tyd gegee word om te bid: „Allah is groot." Geen Turk sal die dokter dit verwyt, as die geneesmiddels nie help nie, „Allah is groot." Om vir die pes te vlug is vir die gelowige Osmanli sonde, Allah stuur dit, Allah is groot! Weddenskappe en wedstryde is in stryd met hierdie leer, eweas die gebruik van 'n sambreel.

Die volksgeloof aan die fatum, die onveranderlike noodlot, openbaar hom ook in 'n paar spreekwoorde.

„Geen skild van verstand kan die pyl van die boog van die noodlot afkeer nie."


„Die mens spreek, die noodlot lag."

„Wat jou toebeskik is, word vir jou selfs van daar (van die grense van die Turkse gebied) toegestuur."

„Die wat gelukkig is vang ook met 'n donkie 'n gans, maar die wat ongelukkig is, vang selfs met 'n koningsvalk geen muis nie."

Verder vind ons by die Turke 'n sterk neiging om te spog, maar tengevolge van hulle erns of liewers hulle

traagheid, ontaard dit nooit in ydelheid nie. Dikwels hoor mens in Konstantinopel sê: „Die verstand is vir Europa, die rykdom vir Indië, die prag vir die Ottomanne gegee."



*Konstantinopel.*

Bowendien is die Turk uiters nougeset in sy godsdienspligte. Met die grootste eerbied sluip hy doodstil en kaalvoet naar sy bedehuis, sink op die tapyt van die moskee op sy knieë, slaan op sy bors, en bly so in stomme

bepeinsing en aanbidding versink; om dit te sien is selfs vir 'n kristen indrukwekkend. Die eerbied vir die Koran is so groot, dat hulle dit nie sal waag, om rokend of met ongewaste hande daaruit te lees nie; die gewone volk skryf net aan die lees van die Koran alle wondere toe.


Met die godsdienstigheid verbonde is daar so baie bygeloof, dat die Turke daarin selfs die heidene uit die ou tyd oortref. Hulle maak voorspellings uit die ingewande van die geslagte diere en uit die vlie van voëls; daar is dae en ure wat gelukkig en ongelukkig genoem word; nooit sal hulle iets aanvang sonder om eers te sien of die tydstip gelukkig is, of om die stand van die sterre na te gaan.

Nog uit die tyd van die nomadelewe het die geloof in die krag van amulette (voorwerpe met tekste uit die Koran daarop) oorgebly, alles waar hy belang by het hang hy daarmee vol, om dit vir betowering te bewaar.

Uit bowestaande moet ons nou nie besluit, dat die Turk geen goeie eienskappe ook het nie; die teendeel is die waarheid. Ons behoef slegs te noem: hulle gasvryheid, hulle onveranderlike trou aan hulle gegewe woord en hulle goedaardigheid, wanneer tenminste die dweepsug dit nie laat oorslaan in gruwelike wreedaardigheid nie.

Maar dit is seker, in hulle goeie eienskappe sowel as in hulle gebreke het hulle gebly die steppebewoners van die outyd. Die onveranderlikheid is as met 'n seël op hulle gedruk; dit het hulle tot grootheid gebring en dit laat hulle weer wegsterf, sonder dat hulle middele soek om dit te verhinder; hierdie karaktertrek maak hulle gelyk aan 'n lugverskynsel, wat eers skitter maar later spoorloos verdwyn. Die verdrywing van die sieklike Turk uit die Europese kamp naar Asië is slegs een kwessie van tyd.

N. W. POSTHUMUS.



## DIE ONTDEKKING VAN AMERIKA.

Tussen die jare 1400 en 1500 het daar 'n geweldige beroering in Europa plaas gevind. Julle het seker al gehoor van die Turke, wat nou nog 'n gedeelte van Europa bewoon. Daardie nasie behoort eintlik in Asië tuis, en is sedert 1453 in Europa woonagtig. Die Turke behoort nie aan die Kristelike Kerk nie, maar het 'n ander leer, wat die Islam genoem word. Aan die Kaap woon ook mense, wat in daardie leer geloof en word daar Slamse genoem. Alle mense, wat nie aan hulle godsdiens behoort nie, word deur hulle vir „kafir" uitgeskel, dit is, „ongelowige," en ons woord kaffer is daarvan afgelei.

Nou ja, die Turke voer altyd kryg teen die Kristelike kerk, en byna elke jaar lees ons in die koerante,

dat die Turkse inwoners van die dorpe in Klein-Asië hulle medemense, wat nie aan hulle godsdiens behoort nie, wreedaardig vermoor. In 1453 was daar 'n groot leër Turke voor Konstantinopel, en hoewel die stad hom dapper verdedig het, moes dit tog eindelik oorgee. Die gevolg van die Turkse heerskappy was, dat baie geleerde Griekse professors, wat in Konstantinopel gewoon het, besluit het, om hulle land te verlaat en na Italië te reis, om daar te gaan woon. Die meeste van hulle is toe aan Italiaanse hoëskole aangestel en dit het nie lank geduur nie of mens kon oral die uitwerking sien. Die Italiane het meer en meer begin lus kry in die studie en weldra was Italië die mees beskaafde land van daardie tyd.

Nie alleen die skole het gebloei nie, ook die skeepvaart en handel het vooruitgegaan, en vernaamlik Venesië en Genua was ryk koopstede, wat met Egipte handel gedrywe het en daar die Indiese koopware van die Arabiere gehandel het. Nou weet julle seker, dat hoe meer die handel vooruitgaan, des te meer probeer die mense, om nog meer nuwe plekke te kry om handel te drywe, en so ryk te word. So was dit die algemene gedagte van daardie dae, om te trag om na Indië te kom. Hulle het wel van daardie land gehoor, maar hulle wis nie waar hy was nie.

Naby Genua is in 1456 'n jongetjie gebore, wat die naam van Kristoffel Kolumbus gekry het. Kolomba is die latynse woord vir duif; en ons dink, dat hy die wonderlike naam gekry het, omdat sy grootvader of sy vader 'n skip in besit gehad het, wat so genoem was. Die jongetjie het opgegroei met die gedagte om Indië te gaan besoek. Toe hy opgegroei was, skrywe hy aan die stadsraad van Genua om hom te help. Maar die here wou nie of kon nie; daarom het hy na Portugal toe gegaan. Daar is hy getroud met die dogter van 'n Portugese skeepskaptein en kry toe van sy skoonvader 'n menigte kaarte en boeke present. Hy het ook baie gereis en het o.a. die Asore, wat wes van Portugal lê,

ook besoek. Daar hoor hy, dat daar so nou en dan vreemde plante en bome in die see van die weste aangedrywe kom, en so het die vermoede in hom opgekom, dat die land Indië êrens ten weste van Portugal moet wees.

Sy skoonvader en ander seevaarders het gedink, dat hy dalk reg het en vra toe vir koning Johan II 'n paar skepe om Indië te gaan soek. Die koning wou egter nie graag die eer van die nuwe ontdekking aan 'n vreemdeling gee nie. Hy stuur toe sonder Kolumbus se medewete 'n skip uit en beveel die kaptein ver na die weste toe uit te seil, en te sien of hy nie land kon vind nie. Toe die man na 'n tyd terugkom met die boodskap, dat hy niks as water en lug gesien het nie, wou die koning verder niks met Kolumbus te doen hê nie.

Nou gaan hy Spanje probeer. Daar regeer Ferdinand en Isabella, wat sy versoek verwys na 'n raad van professore. Die Spanjaarde van daardie dae wis nie veel van seevaar af nie, en die hooggeleerde professore het daar natuurlik ook nie kennis van gehad nie. Toe Kolumbus in die vergadering sy ideë blootlê, sê een professor dat, as mens so ver sou seil, mens nooit die waterberg weer op sou kom nie; 'n ander het gesê, dat die aarde so groot was, dat mens drie jaar sal moet vaar om in Indië te kom; 'n derde het gedink, dat Kolumbus se plan vermetel en goddeloos was. Dit het vyf jaar geduur eer die geleerde here na Kolumbus geluister het, en dit was nou hulle antwoord.

Wat was die arme man teleurgestel! Sy vrou was dood, en hy het daaraan gedink om na Frankryk toe te gaan om daar geholpe te raak. Dit het maar min geskeel of Engeland het die eer gehad om hom te help. Hy het sy broer na Hendrik VII. toe gestuur; maar ongelukkig het hy in die hande van seerowers geval. Op sy reis na Frankryk toe kom Kolumbus een aand in Palos aan; sy seuntjie Diëgo het hom vergesel. Altwee was doodmoeg, want hulle het die ganse dag

geloop, en die vader klop aan die deur van 'n klooster vir 'n bietjie water en brood vir sy kind. Die man wat die deur oopmaak bemerk somar aan sy spraak, dat hy 'n vreemdeling is; en toe Kolumbus die aand van sy teleurstellings begin vertel, belowe die vrind dat hy hom sal help. Hy was 'n biegvader van koningin Isabella, en sê vir Kolumbus, dat hy 'n bietjie moes wag, want hy sou aan die koningin 'n brief skrywe en sy planne aanbeveel.

In die brief skrywe hy, wat 'n groot eer dit vir Spanje sou wees, om soveel nuwe land in besit te kry. Waarlik, dit het gehelp. Kolumbus moes weer aan die hof kom, en kry drie klein skippies om na die onbekende land te gaan soek. Wie was nou blyer as hy? Omtrent negentig man het meegegaan. Die aand voor die vertrek was hulle almal saam in die kerk, om die Voorsienigheid om genadige bystand aan te roep en die 3de Augustus 1492 het hulle in see gegaan.

In die begin het alles goed gegaan, die weg was bekend tot by die Kanariese Eilande; maar toe hulle van die eilande af weg na die weste toe vaar en die land uit die gesig verdwyn; toe hulle dag na dag niks as lug en water sien nie, toe word die manne bang.

Dis vir ons gemaklik om te sê, dat hulle lafaards was. As ons op 'n skip gaan, weet ons waar ons doel is: maar daardie mense het dit nie geweet nie. Daarby kom nog, dat hulle in die Noord-passaatwind gekom het, waarvan hulle nog nooit gehoor het nie, en wat hulle snel na die suidweste toe gedryf het. „Hoe," het hulle mekaar gevra, „kom ons ooit weer terug?"

Kolumbus het deur sy kalmte darem die vrede bewaar en toe hulle eindelik te bang word, belowe hy hulle, dat hy sou terugkeer, as hulle binne drie dae nie land sien nie. En waarlik, in die derde nag sien hulle 'n lig daar ver voor hulle uit, en die volgende môre, 14 Oktober, kom hulle by 'n klein, lae eilandjie, wat deur

vredeliewende Indiane bewoon was. Kolumbus en sy manne het aan land gegaan. Sommige het die grond gekus van blydskap, dat hulle weer droë grond onder die voete het. Maar goud, wat die Spanjaarde die meeste gesoek het, was daar nie. Hulle het dus ook nie lank daar gebly nie. Hulle het die eiland in besit geneem vir die koning van Spanje, en toe trek hulle weer verder. Behalwe hierdie eiland, Guanahani, het hulle nog Kuba en Hayti ontdek, en draai toe om na Spanje toe.

'n Storm het die reisigers gedwing om in die rivier die Taag skuiling te soek, en koning Johan II. het toe tog te spyt gehad, dat hy 10 jaar gelede so dom was om Kolumbus nie te help nie. Maar toe Kolumbus en sy manne weer by Palos land, kom daar 'n groot menigte bymekaar. Die mense het gehoor, dat die reisigers 'n goudland ontdek het. Hulle sien die vreemde Indiane en diere, wat meegekom het, en die hele land weerklink van die roem van Kolumbus. Deur die koning en die koningin word hy allervrindeliks ontvang en tot die adelstand bevorder.

Kolumbus het nog 'n paar keer gegaan; maar hy was nie gelukkig nie. Die Spanjaarde wou goud hê, en dit het hulle eers baie later in Peru gevind. Daarom het Kolumbus in veragting geraak. Sy vyande het hom by die koning beskuldig; daar word toe iemand gestuur, wat hom en sy broer met kettings bind en so na Spanje toe bring. Wel het hulle die kettings daar weer afgeneem, maar van die geld, wat hom beloof was, het hy geen pennie gekry nie. In 1506 het hy as 'n arm man in Valladolid gesterf en is daar met sy kettings begrawe.

Die volgende geskiedenis word van hom verhaal. Eenkeer het hy met 'n paar vername here aan tafel gesit, wat vir hom gesê het, dat sy ontdekking tog eintlik niks beteken nie, want elkeen kon dit maar doen. Op die tafel het 'n skottel met hardgekookte eiers ge-

staan. Kolumbus vra toe, of iemand van die here so 'n eier op sy punt kon laat staan. Die een probeer en die ander probeer, maar almal sê, dat dit onmoontlik was. „En tog," sê Kolumbus, „is dit baie eenvoudig," en hy sit 'n eier op die tafel neer, so hard, dat die dop breek en die eier dus regop bly staan. „O!" roep hulle toe, „dit kon ons ook doen." „Ja," antwoord Kolumbus, „nou dat julle dit gesien het, nou kan julle dit ook doen: net so het dit met my ontdekking ook gegaan."

(*Uit De Buitenschool.*)

## 'N PERSIESE KOOPMAN IN KAIRO.

Mnr. Jollywell wou 'n opregte tarboes (Turkse mus), 'n sy tjalie en roosolie koop. Eers hou ons voor 'n Turkse koopman stil, wat by 'n uitstalling van die begeerde musse sit. Die ganse straat was een aaneenskakeling van uitstallings. Ons staan voor 'n baie klein vierkantige vertrekkie, wat twee of drie voet bokant die grond uit en na die straat se kant toe heeltemal ope was. Van daardie klein plekkie het hulle so ywerig as maar moontlik kan gebruik gemaak, om hom oral met koopware op te vul. Op die vloer neergehurk sit die eienaars daar in 'n deftige stilswye na kopers en wag. Dit lyk selfs of dit vir hulle om die ewe is of 'n mens wil koop of nie.

Dit het besonder uitgekom by 'n Persiese handelaar in roosolie en oosterse reukwerke. Toe ons voor sy uitstalling staan, kyk hy ons met deftige minagting aan en wys na 'n seun, wat naas ons op die rand van die winkelvloer na die nou lugstreep tussen die huise sit en tuur. Terstond daarop sink die Persiër in sy vorige mymering terug, en kruis sy arms oor sy geel kaftan of oorkleed.

Sy oë was half gesluit. Daar sweef ernstige, wellig fraai gedagtebeelde oor sy hoë voorhoof, wat met 'n wit kappie bedek was, wat die gladgeskeerde skedel maar baie onvolkome beskerm. Toe hy eindelik op die vraë van die winkelknaap moes antwoord. beweeg hy hom met langsame sierlikheid en gee fluisterend die prys van 'n flessie roosolie op. So gou as Mnr. Jollywell dit verneem het, laat hy deur middel van ons gids sê, dat hy hom nie graag te veel laat vra nie, en stel in plaas van 'n half pond sterling ses shillings voor. Die knaap knip geheimsinnig met die oë, toe hy die antwoord verneem. „Sê aan jou baas," sê hy saggies vir die gids, „dat my meester nimmer te veel vra nie. 'n Mens betaal wat hy wil hê, of jy laat dit staan!"—

Mnr. Jollywell trap uit verontwaardiging twee tree agteruit, toe hy hierdie sê hoor.

„Laat hy dan maar sy roosolie hou!" roep hy vertoornd uit, en wink my om te vertrek.

Ons koopman in reukwerk het intussen sy deftige stilswye op die waardigste wyse volgehou. Nou bemerk ek eers 'n klein boekie, wat op sy knieë ope lê. Ek kon maar baie onvolkome iets van die sonderlinge slang- en blomkarakters onderskei, wat daar in bont rye oor die bladsye saamvleg. Daar moes lieflike stemme uit die geopende boek gespreek het, want die Persiër het so eerbiedig ingespanne gelees en so stil tevrede, dat hy hom volstrek nie om ons teenwoordigheid bekreun het nie. Die knaap het hom die antwoord van Mnr. Jollywell gesê, maar met geen enkel teken het hy te kenne gegee, dat hy daar belang in stel nie.

„Gee die flessie dan maar vir my!" het Mnr. Gibson Smith toe gesê; en vir die eerste maal (nadat hy hierdie woorde gehoor het), het hy getoon, dat hy hom van ons aanwesigheid bewus is. Hy lê sy boek ewe bedaard neer en, terwyl hy die knaap wink, gee hy hom uiters langsaam en byna onhoorbaar bevel. Spoedig bring hy 'n fles roosolie en 'n klein flessie van groen glas. Met die

grootste versigtigheid skink die koopman self die flessie vol. Toe die deurdringende geur hom in die rondte openbaar, en tot oor die straatslyk neerdaal, straal daar 'n vreugde uit sy geestige oë, asof al die rose van Schiras hom toegelag het. Die knaap bring die flessie vir Mnr. Gibson Smith en ontvang die prys. Toe hy daarop die geldstukkie voor sy meester neerlê, wissel altwee 'n blik, so snel, so smadelik veragtelik en so onuitspreeklik komies, dat ek plotseling die arm van Mnr. Jollywell gryp en ylings vooruitstuif.

„U Edelheid het die roosolie veels te duur betaal. Gewoonlik verkoop hy so 'n flessie vir 'n sikspens!" sê die gids vir Mnr. Gibson Smith, wat my glimlagend aansien, en die rede vir onse verontwaardiging nie so gou kon vat nie.

„Ek het gemerk, dat hy 'n sluwe skelm was!" sê Mnr. Jollywell ewe bedaard.

„Ek het 'n denker, wellig 'n digter in daardie sjageraar gesoek," antwoord ek hom, maar ek het nie in die minste kon dink, dat hy ons met sy „grand air" so plegstatig om die tuin sou lei nie.

*Dr. J. Ten Brink.—Drie dae in Egipte.*

## OM VRUGTEBOME TE VEREDEL.

Heel dikwels gebeur dit, dat 'n boomgaard of boord in ons land oud word en die boer geen vrugte meer van sy bome kry nie. Perske-, appelkoos-, peer- en appelbome het almal dieselfde fout. Natuurlik wil elke mens ieder somer 'n tuin vol vrugte hê; maar dan moet die ou bome uitgeroei word en nuwes in die plaas geplant word.

Nou is daar allerlei maniere om nuwe bome te kry. Mens sou vrugtepitte kan plant en dit word ook dikwels gedoen, maar daardie manier kos te veel tyd, want dit duur jare en jare, eer die boom sover is, dat hy vrugte dra, en dan moet mens nog afwag, of die vrugte goed sal wees. Dus stuur die boer eenvoudig 'n order na die kolonie toe vir geënte boompies.


'n Flukse kind, wat goed sy oë opé hou, sien al dadelik, dat daar aan so 'n geënte boom twee dele is: 'n dik stam en 'n nuwe stuk, wat daar nie heeltemal mooi glad aangegroei is nie soos 'n natuurlike tak.

Met 'n weinig geduld en oefening kan iedereen leer om sy bome te ent. As dit die eerste keer nie geluk nie, dan moet jy maar dink: alle begin is moeilik.

Jy vra dan vir jou pa of iemand anders, wat daar verstand van het, om jou te wys, en as jy eendag groot is, dan kan jy vir jouself 'n pragtige boomgaard plant.

Laat ons nou 'n bietjie sien, wat gedaan kan word. Ek sal probeer om dit duidelik te maak.


In die winter staan die sap van die bome stil; dit is die tyd om dun lote of entjies van 'n goeie boom af te sny. Dit lê julle dan in 'n voortjie, en maak hulle by die onderkant mooi met grond toe. Hulle moet 'n weinig vogtig gehou en teen die ryp beskerm word.





*Een manier om te ent.*

As die son weer begin warm word, so teen die end van Julie of die begin van Augustus, is dit die tyd om te ent. Die eerste manier word koppel genoem. Die entlootjie en die stammetjie word altwee skuins afgesny en so opmekaar geplaas, dat bas op bas en hout op hout kom.

Dan woel jy dit met 'n smal band vas en smeer daar was op, om vog en lug uit die wond te hou. Sommige mense neem ook natgemaakte klei. Die twee groei nou saam op, en die lootjie word 'n tak, waaraan dieselfde soort vrugte groei as aan die boom, waarvan dit afgesny is.




*'n Ander manier om te ent.*



*Hoe om te okuleer.*

By ander stamme gebruik mens 'n ander manier.

Daar word die tak reg afgesny en gesplits en in die spleet word die entloot gesit, weer so goed moontlik hout op hout en bas op bas. Ook hier word die wond lugdig verbind. In die somermaande kan mens egter nog op 'n ander manier te werk gaan, wat mens okuleer noem. *Okulus* is 'n Latynse woord, wat oog beteken, en okuleer beteken 'n oog of knop van die een boom op 'n ander boom oorbring. In 'n T-vormige wond word die bas versigtig losgemaak en opgelig en die oog word daar versigtig ingeskuif. Weer word die wond verbind en voor die einde van die somer is die oog gewoonlik al in die skors vasgegroei.

Die volgende jaar maak hy al 'n loot. As mens nou sorg, dat daar nie van die knoppe aan die ou stam groei nie, word die loot somar gou groot en sterk.

*(Uit De Buitenschool.)*

## OP DIE MIDDELLANDSE SEE.

Ons is op die Middellandse See: die ou voorgebergtes, waarvan die historiese naam ons nèt soos musiek in die ore klink, sien ons nou en dan in die verte, sluimerende in die somerson. Ek leef in my verbeelding in die verlede nou dat ek gedra word deur die waters van die heilige see van die beskawing. Toe ons 'n paar dae gelede tussen Afrika en Europa in die Middellandse See ingestoom het, het ek 'n gevoel gehad, wat ek jou nie kan beskrywe nie. Ek het my, waarom weet ek self nie, verbeel, dat die kus van Afrika gelyk en sanderig was; maar as 'n mens uit die Atlantiese Oseaan nader kom, word jy nog meer deur die kus van Afrika as deur Gibraltar getref. Jy aanskou hoë, woeste (of wilde) berge, waar, uit een van die dale, die spierwit huise van Tangiers jou teëflikker; en alles is so veel grootser en op 'n soveel breër skaal, as 'n mens sou verwag het.

As jy eindelik die magtige bergforte van Gibraltar verby is, en langs die Spaanse kus na Italië koers hou, dan stroom die herinneringe uit die goue verlede jou toe. 'n Mens is op die see, waarvan jy jou hele lewe gehoor en gelees het, op die roemrykste See van die aarde, die see van Griekenland, Italië, Egipte en Palestina.

Aan die strand van hierdie see het die fonteine van die Hebreërs opgeborrel, waters waar die mensheid die eeue deur hulle dors geles het. In hierdie see het die standbeelde en tempels van die Grieke hulle gespieël; hierdie see het die galeie van Rome en Karthago, en die vloot van die kruisvaarders gedra, as ook die vaartuig waarop die apostel Paulus skipbreuk gely het.

Dis die see van die beskawing, en 'n mens besef eers goed met dankbaarheid en eerbied van watter grootse

verlede al die beskaafde volke erfgename is, as jy op die Middellandse See is.

As 'n mens onder die sontent op die boonste dek van die skip sit, gly 'n getal weergalose skone skilderye voor jou oog verby. Hulle word omlys deur die toue van die skip. Die langwerpige vierkante van die toulere vorm verruklike landskappe en seegesigte, wat deur 'n magtiger hand as van 'n sterfling geskilder is. Sal ek een skets vir die vrinde wat tuis is?

Op die voorgrond 'n Franse kusstoomskip; 'n paar manne in rooi flennie baadjies kyk oor die verskansing na 'n skuitjie, wat hulle tegemoet vaar, en die latynse seile van hierdie skuitjie, wat regs en links net soos die vlerke van 'n swawel uitsteek, het hom oor die golwe danig mooi laat dans. Agter hierdie skuitjie die berge van die suidkus van Sardinië, wat somtyds grys en dan weer violet lyk en waarbo ligte, wit wolkies swewe.

Kyk 'n bietjie na die regterkant toe en jy sien 'n ander skildery, wat ek graag in ons woonkamer sou wil ophang, en ek dan „vreugde van die oë" sou wil noem. Story, die groot Amerikaanse beeldhouer en digter, sê, dat 'n mens aan blinde mense 'n denkbeeld van blou kon gee, deur dit te vergelyk met die soet geluid van 'n dwarsfluit, net soos jy deur die geluid van 'n beuel vir 'n blinde skarlakenrood kan laat sien. Maar watter fluit kan jou 'n denkbeeld gee van die helder skynende, en tog tere, skitterende, maar sagte, rein donker blou van die Middellandse See? As 'n kleur heilig kon wees, dan is hierdie blou heilig, as die son uit die ligblou hemel op die water skyn.

Die skip rys en daal deur die sagte golwing, en as die voorstewe neerkom, gee hy alle 20 tot 30 sekondes 'n skuimende golf, wat met die bietjie singerige gemurmel van spattende waterblase voorwaarts skiet. Agteraan kom drie of vier kleinere, met wuiwende wit vere be-

pluimde golwe, en teen die gerimpelde, deurskynende donkerblou van die see het hierdie fonkelende, van lig tintelende skuim 'n sonnige skoonheid, wat 'n mens vrolik stem en jou hart teer maak.

Die see is so diepblou, dat netnoumaar die maan, as hy sy bleek lig in die blou van die see weerkaats, 'n purper streep sal teken op die water. Dis as of die blou hemel vir soveel eeue vir hom in die see weerspieël het, dat die blou tot in die hart van die diep water deurgedring het.

CH. BOISSEVAIN.—*Op dek van de mailboot.*

## DIE TERMOMETER.

„Ma, soe! dis verskriklik warm vandag!" sê Sannie een middag, toe sy uit die skool kom; „Meester het ons gesê dat die termometer 92 grade in die skaduwee aanwys. Hy het aan die muur so 'n lang, smal, geel plankie opgehang, en daar sit 'n glaspypie op vas met 'n bolletjie aan een kant, wat blink soos silwer. Ma, hoe kan die ding vir Meester vertel, hoe warm dit is? Kan Ma my miskien sê?"

Nou, die Ma van Sannie was 'n stil, oplettende vrou, wat ook al in haar jeug geleer het, dat, as 'n kind vooruit wil gaan, dit moet leer om self uit te vind en self te werk, en sy soek toe uit haar kas 'n boek oor natuurkunde en gee dit aan Sannie om te lees. En gougou het dit vir die liewe kind duidelik geword.

Kom laat ons 'n bietjie oor Sannie se skouer loer en saam lees.

Termometer beteken warmtemeter, want *termo* is 'n vreemde woord, wat „warmte" meen. In die glaspypie, wat Sannie gesien het, sit kwiksilwer, 'n soort

metaal, wat alleen by die grootste koue hard word; in ons land is dit nooit koud genoeg daarvoor nie.

Alle metale set uit of word groter, as dit warm gemaak word: net so ook kwiksilwer. As die kwiksilwer in die bolletjie dus warm word, moet dit in die pypie oorloop en omhoog gaan; en as dit koud word, loop dit weer terug. Wat doen die mense nou? Hulle steek die termometer eers in yskoue water en maak 'n merk, waar die kwiksilwer dan staan; dit noem mens die vriespunt. Dan hou hulle dit weer in die stoom van kokende water, en maak nog 'n merk, wat die kookpunt genoem word. Die distansie tussen die twee merke verdeel hulle in klein deeltjies, wat hulle grade noem.

Daar is drie soorte termometers: 1e die van Celsius, wat die vriespunt 0 noem en die kookpunt 100; 2de die van Réaumur, wat die vriespunt 0 noem en die kookpunt 80, en 3de die van Fahrenheit, wat die vriespunt 32 noem en die kookpunt 212. Dit is die beste soort, want op hierdie termometer kan mens in die winter sien, hoeveel grade koue daar was en dan sê ons: dit het soveel grade geys. Dit kan mens op die ander twee nie sien nie.



Die dokter gebruik ook 'n termometer. As hy by 'n sieke kom, steek hy 'n klein termometertjie onder sy tong en laat dit daar vir 'n paar minute. Dan neem hy die instrument terug en kyk, hoe hoog die kwiksilwer staan. Die gewone temperatuur van 'n mens is 98½°. Wys die kwiksilwer hoër, dan het die pasjent koors, en kan die dokter daarna sy medisyne gee. In baie koue lande kan mens nie kwiksilwer gebruik nie, omdat dit daar ook bevries en styf word.

Vir daardie streke gebruik mens alkohol-termometers. Alkohol bevries nooit nie, maar het nou weer 'n eienskap om, as dit warm word, in damp oor te gaan. Ons land is te warm vir alkohol-termometers; hier word byna altyd kwiksilwer gebruik.

Op die plaas is die termometer nodig by die melkery. As die vrou wil karring, behoort sy eers te weet, watter temperatuur die melk het; en hoe sal sy dit weet sonder hierdie nuttige instrumentjie?

Sannie was heeltemal tevrede met wat sy in die boek van haar Ma gelees het, en toe sy die volgende dag op skool kom, kon sy haar onderwyser haarfyn vertel, hoe die termometer gemaak was, en waarvoor hy dien. Kan julle dit nou ook doen?

*(Uit De Buitenschool.)*



# VASKEER VAN ALKMAAR TYDENS DIE TAGTIGJARIGE OORLOG MET SPANJE.

Dit was hierdie rustige burgers, hierdie vissers uit die seedorpe, altyd doodbang vir oorlog, wat nou as manne vorentoe kom net of hulle in gevleeste duiwels verander het, om weerstand te bied. Hulle storm teen die bestormers in en veg met enige soort wapen wat onder hulle bereik kom. Wat nie 'n roer het nie, trek sy mes uit, wat nie 'n spies het nie, gryp die sens. Is een se arm af dan pak hy sy teenstander met die tande: niemand het padgegee van die walle af in die volle vier uur se geveg nie, of hy moes gekwes of dood daar weggedra word.

Op twee punte word die bestormers teruggedrywe. Tot driemaal agtermekaar word met vars troepe gestorm. Alkmaar het maar sy honderde weerbare manne gehad teenoor die duisende van die aanvallers, maar hulle het die Alkmaarse vroue en kinders vergeet. Die vroue, wat die geweer nie kon hanteer nie, het dit gelaai. Ketels kookwater, gesmelte lood en ongebluste kalk het in strome op die koppe van die aanstormende vyand afgekom. Dit was die werk van die vroue en kinders. Hulle het nog ander wapens gehad. Fyn gemaalde glas het hulle in die vyand se oë gestrooi en hulle onder die klippe gesteek. Alleen noodweer, alleen die sekerheid dat geen lewende siel gespaar sal bly as die Spanjaarde wen nie, het hulle tot die gebruik van daardie middele gedrywe. Die stad behoue of almal se liggame moet op sy puinhope bly lê, was almal se leus. As die manne deur oormaat van vermoeienis—of as hulle begin te twyfel—net 'n oomblik verslap dan spring die vroue weer by en moedig hulle aan en roep: „Dink aan Haarlem, dink aan Naarden; dink aan julle vroue en kindertjies

en behoed hulle vir die ergste in die handë van die Spanjool! Val hulle aan, slaan hulle neer, vir julle vroue, vir julle dogters, vir julle susters!

Die skrille stemme het bokant die krygsrumoer uitgeklink. Die dapper vroue het hulle mans in die heetste van die geveg bygestaan. Die burgers het later getuie, dat nie slegs die hulp maar ook die sedelike sterking van die vroue hulle bowemenslike moed ingeboesem het. Seker, by die minste verflouing van die weerstand sou alles verlore gewees het.

Aangemoedig deur die beloftes en geprikkel deur die bedreigings van hulle generaal het die Spaanse en Italiaanse soldate dapper aangeval. Drie keer het hulle al hul vaandels op die puinhope geplant en geroep: „Gewen! Gewen! ons het die stad!" Daardie oorwinningskreet was te voorbarig: hulle het wel die bolwerk in hande gehad, maar nog nie die burgers nie. Die burgers wou eers begin moed opgee, maar die wanhoop verander in raserny. Hulle spiere word staal, die nerwe yster, dit is of die harte soos 'n rat draai in die bors. Elkeen storm voorwaarts, en daar tussendeur die vroue met hulle krygsgeroep: „Veg manne! veg, vir God en godsdiens, vir die eer van julle vroue en dogters! Wat nou nie veg nie, is nie 'n man nie!"

En self toon hulle dat hulle manneharte in die vroue-like bors het. Daar word weer die kokende vloeistowwe in strome oor die stormers uitgegiet: bytende loog, brandende teerhoepels, enige vreeslike ding wat die nood maar in hulle gedagtes kon bring. Die vyand moes vlug.

Na die laaste oorwinning van die Alkmaarders was dit ook klaar met die gewaande triomf van die Spanjaarde. Hulle was lam geslaan. Hulle durf, hulle kon nie meer voorwaarts gaan nie; hulle het oormekaar geval soos hulle teruggevlug het laertoe. Die gehuurde soldate was heeltemal steeks, van 'n nuwe aanval wou hulle nie hoor nie al word hulle ook deur hul offisiere met die swaard aangedryf. Een van hulle vaandeldraers kon

met 'n geluk by een van die aanvalle oorkyk en in die stad sien. Met die uiterste verbasing het hy gemeld, dat daar bykans geen harnasse te sien was nie, en dat die manne wat so moedig teen hulle veg meesal as vissers in growwe bruin laken gekleed was. Daarby het die Spaanse soldate gedink dat daardie ketters duiwelaanbidders was. Al die dinge bymekaar het hulle moed laat sink. Na so 'n kragsinspanning en nadat hulle driemaal agtermekaar gestorm het, nog te verloor, was darem te erg. Die bygelowige Spanjaard was nou seker dat die Bose self daar skuil.

Teen soldate, man teen man, sal hulle veg, maar om teen manne te veg wat met die Duiwel maats maak, wat somar ongeharnas teen hulle koeëls en swaarde instorm was darem te erg;—dan liewers maar 'n eerlike krygsmansdood deur die hand van hulle eie bevelhebbers.

Don Frederik moes maar vereers opgee. Met sulke onwillige en versaagde soldate kon 'n mens niks aanvang nie.

En die Alkmaarders? Hulle het geveg met wanhopige moed, dit is waar, maar hulle het nie getwyfel nie. Hulle het vas geloof op die hulp, op die seen van God, en dit het hulle vertroue gesterk en dit het hulle goeie moed bewaar.


Daar was een man wat met sterwende lippe gebid het vir die behoud van hulle stad en dit was Jan Arents. Soos 'n Paulus van ouds was hy evangeliedienaar maar het ook tegelykertyd met sy hande gewerk om in sy eie onderhoud te voorsien. Hy was 'n verbreider van die suiwer geloof na die roeping Gods. Hy het 'n ruime werkkring gehad; baie menslike wetenskap moes jy nie by hom soek nie, maar hy het 'n diep insig gehad in die evangelie: Kristus en Die gekruisig het hy met onversaagde ywer verkondig tot in sy grysheid. Nou op sy sterfbed wou hy aan sy vaderstad gee wat hy kon: sy seën en sy gebed. Hy roep sy vrinde en bekendes by hom; en in die middel van die troue, aandagtige kring

het hy sy oë opgehef en gebid, 'n Abrahams-gebed, 'n gebed soos Luther, 'n gebed soos Jakob. Hy het gebid dat sy stad hierdie keer nie 'n prooi mog word van sy vyande nie en dat sy land en sy kerk altwee behou en bevry mog word van die smaad en smart, wat deur die Spaanse juk op hulle gelê word. Toe hy eindig, het almal, wat rondom gekniel lê, opgestaan en vas geloof dat hy verhoor sou word. Die Alkmaarders het dit almal geloof. God sou hulle help en Hy het hulle gehelp.

Want dit was 'n oorwinning—nie net 'n stilstand van 'n paar dae nie, soos hulle eers gevrees het nie.

Don Frederik, wat op sy tande gekners het van spyt, het bereken dat daardie een stormdag hom meer as duisend soldate gekos het, sonder dat hy enige voordeel behaal het.

Sy soldate was moedeloos en onwillig. Hy het sy kop gestamp teen die kaaslanders.



## DIE GROOT TREK.

Die verandering in die regering in die Kaapkolonie was nie oral goed opgeneem nie. As daar twee volke in een land moet woon, gaan dit maar altyd moeilik. Die een se gewoontes is nie die ander se gewoontes nie. Natuurlik kan die een nie sy mening aan die ander opdring nie en moet die mense mekaar maar leer verdra. En verdraagsaamheid, liewe kinders, is 'n al te teer plantjie! Kyk maar, hoe min kinders van dieselfde huisgesin mekaar kan verdra! En as dan die twee volke in dieselfde land ieder sy eie taal wil praat, dan is daar maar baie min nodig, om twis en tweedrag te laat uitbreek. Dis ongelukkig onder mense maar al te waar, dat ieder sy eie baas wil wees. Die apostel Paulus sê wel in Filippense 2 vs. 3 „dat die een die ander uitnemender moet ag as homself," maar ongelukkig draai baie dit om, en ag homself uitnemender as die ander.

Wel, nadat die Engelse hulle vir goed in die Kaapkolonie gevestig het, het daar somar gougou onaangenaamheid gekom. Ons lees in ons geskiedenisboek van die Swart Omgang, van Slagtersnek, van die verplig maak van die Engelse taal in offisiële besigheid, van oorloë met die Kaffers, waardeur die grensboere groot skade ly, van die plotselinge afskaffing van die slawerny en so verder, almal punte waaroor Engelse en Afrikaners van mening verskil.

Op een ding moet julle verder ook let. Die Franse rewolusie het onder veel goed ook veel kwaads gedoen. Een van die vernaamste Franse skrywers, Jean Jacques Rousseau, het in sy boeke beweer, dat beskawing die mens sleg maak, en dat die onbeskaafde of natuurmens baie gelukkiger is as die man, wat opgevoed is. Dit het


die mense in Europa algemeen gaan glo, en daarom was die gees van die tyd in die eerste helfte van die 19e eeu so ten gunste van die kaffers.

Hulle het gedink, dat die kaffer eintlik 'n beter mens was as 'n witman en dus beskerm moet word. Julle kan egter gerus glo, dat daar vandag maar weinig mense is, wat nog so dink. Ons mense kon dit gans nie verstaan, waarom die kaffer so voorgetrek word nie, en daarom het hulle begin klaar maak om na die noorde toe te gaan, en vir hulle daar 'n woonplek te soek, vry van Europese invloede, en waar 'n mens sy eie regering kon hê. In 1833-1838 het op die manier verskeie geselskappe die Kaapkolonie verlaat, met die plan om na Natal toe te gaan. Die mense het gehoor, dat die land leeg lê. Die woeste kafferkapteins Tjaka en Dingaan het al die bewoners vermoor, en die algemene gedagte was, dat mens die leë land van die kaffers sou kan koop en daar 'n vry, onafhanklike republiek stig.

Die allereerste trek was die van Trichard en Van Rensburg in 1833. Daardie mense kon geen pad oor die Drakensberg na Natal toe vind nie en besluit toe om langs die berg noordwaarts te reis en bo om die punt om te gaan.

Hierdie weg het hulle ongelukkig deur die ongesonde lae veld gelei en die meeste mense van Trichard se trek het, nadat hulle van Soutpansberg af na Delagoabaai toe getrek het, aan die koors gesterf; Van Rensburg se trek, wat vooruit gegaan het, is deur die kaffers uitgemoor.

In 1836 het die Groot Trek begin. Daar vind ons Andries Hendrik Potgieter, Sarel Cilliers, Piet Retief, Gert Maritz, Piet Uys en ander. Van sommige kaffers het hulle vrindskap en hulp ondervind, o.a. van die kaptein van Thaba Nchu, Moroka genoem; maar ander het hulle weer teen die trek versit. In Oktober 1836 kom daar 5,000 Matabele op Potgieter se laer af. Die



*Die Groot Trek.*

laer het eers versprei gestaan langs die oewers van die Vaalrivier. Potgieter wat na Soutpansberg toe was, het net in tyd teruggekom om nog die laer in orde te bring. 'n Paar van sy mense was al vermoor. 'n Laer word nou by Vegkop, in die teenwoordige distrik van Heilbron getrek. Die vrome ouderling Sarel Cilliers was ook in die laer. Op die Here alleen het hulle vertrou en mekaar moed ingepraat.

Die geveg begin en die kaffers word teruggeslaan, hulle kon met hul asgaaie nie teen die vuurwapens van die nuwe intrekkers nie en het dit eindelik opgegee. Meer as duisend asgaaie lê binne in die laer, maar dit het gelukkig nie veel kwaad gedoen nie. Die vee word deur die Matabele meegeneem. 'n Paar manne is toe na Moroka gestuur, wat osse teruggestuur het om die waens weer na Thaba Nchu terug te bring. Tot beloning het die mense hom die reg gegee, om ongestoord heer en meester van sy land te bly tot sy dood toe. En eers in 1884 is sy land aan die Oranje Vrystaat getrek.

Die boere het nie lank gewag om die Matabele koning Moselikatse te straf nie. In Januarie 1837 het 'n kommando sy hoofstad Mosega aangeval, wat naby die teenswoordige Zeerust in die Transvaal lê, en dit verbrand. 'n Groot aantal vee is van die kaffers afgeneem, nie een witman het gesneuwel nie, en vol blydskap oor die genadige uitredding van die Here het hulle huiswaarts gekeer. Ter herinnering aan die twee oorwinnings het die Trekkers hul hoofplaas „Winburg" genoem.

In Desember van dieselfde jaar word Moselikatse weer deur Potgieter en Uys verslaan en toe dink hy, dat dit maar beter sal wees om pad te gee vir die gevaarlike witmense, en vlug ver na die Noorde toe oor die Limpopo. Sy land is deur Potgieter verbeurd verklaar, en deur die boere in besit geneem.

Terwyl hierdie oorlog met Moselikatse aan die gang was, is Piet Retief met 'n geselskap oor die Drakens-

berge na Soeloeland toe, om van Dingaan, die kaptein van die Soeloes, te versoek om aan hom 'n stuk land te verkoop of af te staan. Dingaan het die mense vrindelik ontvang, maar het gesê, dat hy dit nie mooi vind nie, dat hulle sy vee gesteel het nie. „Wat?" sê Retief, „vee gesteel, ons weet daar niks van nie." En toe kom dit uit, dat op een van die buiteposte van Dingaan 'n klomp vee weggevoer is deur perderuiters, wat soos witmense gekleed was. Die veewagters het egter aan die koning duidelik gemaak, dat dit nie Retief en sy manne kon gewees het nie, want dat hulle van 'n ander kant af gekom het. Hulle het naamlik eers deurgegaan na Durban toe, waar hulle deur die daar woonagtige Engelse baie vrindelik ontvang geword het.

Dit blyk toe dat die vee gesteel is deur 'n sekere Sikonyella, wat naby die teenswoordige Ficksburg in die Vrystaat gewoon het. Dingaan praat toe met Retief af, dat hy, om sy vrindskap te toon, eers die vee van Sikonyella sou gaan haal en dan sou terugkom om 'n dokument te ontvang, waarby aan hom 'n groot stuk land sou afgestaan word. Retief gaan toe weer terug oor die Drakensberge, noodsaak Sikonyella om die gesteelde vee weer af te gee, en stuur dit na Dingaan toe. Hy self het eers na die laer by Winburg gegaan en van sy wedervarings vertel. „Maar," sê hy vir die voormanne, „sou dit nie goed wees om 'n klein kommandotjie mee te neem nie, dan kan ons aan die Soeloekoning wys, dat ons ook sterk is en hom op daardie manier respek vir ons laat kry." Hierdie voorstel het egter nie byval gevind nie; hulle het al soveel van die wreedheid van Dingaan gehoor, dat dit al te gewaag gelyk het om Retief se plan uit te voer. Eindelik besluit hulle, dat niemand gekommandeer sou word nie, maar dat vrywilligers sou gevra word om met Retief mee te gaan. Ruim 60 burgers, waaronder 'n paar seuns, bied hulle aan en met hierdie klein klompie het die onverskrokke Retief hom weer op weg na Dingaan toe begewe, vol moed op


die goeie uitslag van sy sending, maar onder die agterblyers was daar menigeen, wat met 'n beswaarde gemoed die verdere loop van sake afgewag het.

## II.

Die meeste mense was egter van mening, dat die saak nou volkome geskik was, en dat hulle maar solank na die nuwe land toe kon trek. Retief het hulle gelas om nie te haastig te wees nie en veral bymekaar te bly, en solank as die waens nog nie die berge oor was nie, het dit ook gebeur. Toe hulle egter veilig in Natal was, het die mense hulle in klein trekkies verdeel, met die oog op weiveld vir die vee, en die manne het op die jag gegaan, en die tyd afgewag, dat Retief sou terugkeer. Maar Retief het nie weer teruggekom nie: hy was met al sy reisgenote vermoor. Hoor, wat het daar gebeur! Die reisgeselskap het veilig en wel by die koninklike kraal aangekom, en is weer baie vrindelik deur Dingaan ontvang. Daar was een sendeling, Owen, by hom, wat 'n dokument opgestel het, waarby hy Natal van die Tugela af tot aan die Umsionbu aan Retief en sy mense afstaan. Dingaan en twee ander hoofde sit hulle kruismerk daaronder en Owen teken as getuie.

Vol vreugde steek Retief hierdie gewigtige dokument in sy bladsak en wou nou weer terug na sy laer toe. Die koning sê egter, dat sy verlange was, dat hulle moes vertoef en 'n afskeidsfees bywoon. Natuurlik moes Retief wel toegee en wag. Reeds vroeg die môre was die perde al op gesaal en ongeduldig wag hulle op die boodskap van die koning om in sy kraal te kom en hom te groet.

Die kaffers het in regimente gestaan, en toe eindelik die uitnodiging kom, het menigeen seker met 'n beswaarde



*Dingaan se Kraal.*

hart na binne toe gegaan. Hulle is toe by die koning gebring, wat hulle laat neersit en hulle op kafferbier onthaal. Dit kaffersoldate begin toe met hulle dans, kom naderby, loop agteruit, storm weer voorwaarts en toe die koning uitroep: „Slaan dood die towernaars," val hulle soos 'n waterstroom oor die reisgeselskap heen. Die boere trek hulle groot sakmesse uit, want hulle gewere moes hulle buitekant die kraal laat staan, omdat dit nie geoorloof was om gewapend by 'n kafferopperhoof te kom nie, maar ondanks hulle wanhopige teenstand word hulle almal gebind.

Onder onbeskryflike martelinge word hulle toe na 'n koppie toe gesleep en daar met knopkieries doodgeslaan. Retief word tot die laaste bewaar. Wat moes daar in die siel van die edele man omgegaan het, toe hy, self swaar gewond, die slagting moes aansien! Waarlik, Afrika se grond is duur gekoop, kinders, vergeet dit nie! Sendeling Owen wou geen dag langer by die wreedaards bly nie, maar het so spoedig moontlik na Durban toe vertrek, vanwaar hy na die Kaapkolonie toe gevlug het en daar die tyding gebring het.

Dingaan gee toe aan sy kommando's bevel om na die berge toe op te ruk en die ander witmense ook dood te maak. Elf dae later, vroeg in die môre, kom hulle by die niks kwaads vermoedende trekkers aan.

Weer het die wreedaards manne en vroue vermoor, kinders en suielinge het hulle aan die bene gevat en teen die wawiele doodgeslaan. Niemand kon hom verweer nie; niemand het daaraan gedink om 'n laer te trek nie; niemand was voorbereid. Eindelik geluk dit 'n jongeling om die laers verderop te waarsku. Daar word toe haastig voorbereidsels getref en toe die Soeloes aankom, word hulle so dugtig onthaal, dat hulle moes terugwyk. Maar op daardie noodlottige dag is daar 41 manne, 56 vroue, 185 kinders en 250 gekleurde bediendes vermoor. Kan dit 'n mens verwonder dat

hulle later die plek Weenen genoem het? Wat 'n onsteltenis onder ons mense! Die manne praat daarvan om maar weer terug te gaan oor die berg en na die land ten noorde van die Vaalrivier te trek, maar die vroue weier. „Eers moet die onskuldige bloed gewreek word," dit was hulle taal, „dan sal ons verder sien. Stuur na Winburg toe en laat vra hulp; vra die mense in die ou kolonie om te kom help; laat hulle weet hoe hulle familiebetrekkings deur die kaffers behandel is; wys dat julle manne is, en straf Dingaan. Moenie van omdraai praat nie!"

Ylings word bodes uitgestuur. Die geroep om hulp word gehoor: onder andere het Piet Uys met sy trek oor die berge gekom en in April het hulle gemeen dat hulle sterk genoeg was, om die kaffers te gaan opsoek. 'n Afspraak word gemaak met die Engelse aan die baai om die vyand van twee kante af aan te val. Potgieter en Uys trek toe Soeloeland binne en op die 11de April word daar geveg.

Die boere was in twee kommando's verdeel, een onder Piet Uys en die ander onder Hendrik Potgieter. As die een in die moeilikheid kom sou die ander kom help. Uys word ongelukkig tussen twee rantjies vasgekeer en was so deur die Soeloes omring, dat Potgieter hom nie kon te hulp kom nie. Toe gee hy bevel, dat almal hulle roers in een rigting sou afskiet en dan storm en uitja. Die plan was goed en dit het ook geluk, maar by die uitja kry die kommandant 'n asgaai in die rug en val van sy perd af.

Sy 15-jarige seun, Dirk, was ook by die klomp wat uitgejaag het, en toe hy omkyk, sien hy dat sy vader hom half opgelig het om te sien of sy kind veilig was, en dat kaffers na hom toe aankom om hom dood te maak. Dit was te veel vir die jongeling, hy ja terug, skiet een kaffer dood, verbrysel 'n twede se harspan, maar word deur 'n derde deursteek en sterf op die lyk van sy vader. Edele Dirk, ons beny jou jou skone dood!


Die aanval het misluk en die kommando draai om huistoe. Die Engelse kommando is ook verslaan.

Potgieter draai toe om en gaan in Transvaal woon. Juis in daardie dae kom daar in Natal 'n ander voorman aan. Sy naam was Andries W. J. Pretorius. Retief, Uys en Maritz was almal dood. Potgieter was weg, en Pretorius word as kommandant-generaal gekies. Ook was hulle nou beter toegerus vir die oorlog. Weer trek hulle op na Soeloeland toe. Dit gaan langsaam, elke aand word daar laer getrek. Op Saterdag 15 Desember 1838, bring die spioene die tyding, dat die kaffers aankom. Nou word daar laer getrek op die wal van Bloedrivier. Aan sweepstokke word lanterns opgehang en later het dit uitgekom dat die kaffers dit vir towermiddels aangesien en daarom nie gestorm het nie.

Vroeg op die Sondagmôre, 16 Desember 1838, het hulle gekom. Maar ons mense was gereed vir hulle. Die outydse ou sannas het hulle by tientalle neergeskiet. Nuwe bendes het aangeruk met woeste geskreeu, maar die koeëls, wat so onder trane en geklaag gegiet is, het raak geskiet. Elke aanval word afgeslaan. Eindelik begin die kaffers te wyk. Generaal Pretorius laat sy burgers op hulle perde klim en hulle agtervolg. Toe vind hulle uit, dat daar honderde kaffers in 'n sloot was, so dik opmekaar gepak, dat hulle nie met die asgaaie kon gooi nie. Hier het kafferbloed geloop. Selfs die water van die rivier was rooi gekleur en van die dag af is sy naam Bloedrivier. Lank voor op die Sondagmôre in die Kaapkolonie die kerkklok die gemeente na die bedehuis toe opgeroep het, hèt daar in Natal 'n dankgebed opgerys na die hemel toe tot die God der heirskare, wat so 'n heerlike oorwinning geskenk het. Nog voor die slag het hulle belowe om, as die Here hulle die oorwinning gee, daardie dag immer as 'n Sondag, 'n dankdag te vier, en dat ook hulle nageslagte dit sal doen. Doen ons dit?

Vyf dae later het hulle Dingaan se kraal bereik, maar hy het gevlug. Op die moordheuwel het hulle die geraamtes van Retief en sy maats gekry, wat met groot plegtigheid begrawe geword het. In Retief se bladsak was nog die dokument wat deur Dingaan geteken is. Daardie dokument word nou nog in Pretoria bewaar. Die rowernes het hulle verbrand. Dingaan het na Swasieland toe gevlug, waar hy kort daarna vermoor is. Sy broer Panda is toe deur die Boere aangestel as sy opvolger en regeerder oor die Soeloenasie.

*(Uit De Buitenschool)*



## DIE KRUISTOGTE.

Deur die kruistogte is die volke vir die eerste keer wakker geskud. In die lang nag van die middeleeue het hulle opgegroei in stil kloosters, op eensame burgte, in afgesonderde dorpe, in eng, duister stede, ja! gewoonlik het hulle nie geweet, hoe die wereld daar op twee of drie uur afstand van die plek waar hulle gebore was en sou sterf lyk nie.

Dan word daar plotseling die togte van honderdduisende, en die oë van almal naar die Ooste gerig. Die Ooste! O, wat een toweragtig vergesig vol lewendige kleure! Wat 'n vreemde, skitterende wereld! Wat 'n nooit gesiene prag! Die heilige land met sy wondere en misteries. Daar kom die dapper en edele kruisvaarders uit die weste aangeruk, uit die ou Frankryk, uit Brabant, Vlaandere, Holland, met hulle pragtige opgetuigde perde, glansende krygsgewade, blinkende wapens, wuiwende vere, wapperende baniere, en rooi kruise op hulle wapenrokke gestik. En die menigtes trek op vir die eer van die kerk, om die graf van die Heer Jesus te verower. Dit alles spreek tot die gevoel en verbeelding. Duisende stroom hulle tegemoet uit hulle stil afsondering, duisende volg die heilige stryders. Nooit was daar so baie volke onder een banier verenig gewees nie.

Hulle begin hulle as een geheel te gevoel; daar het 'n wereldverkeer ontstaan. Die slagbome, wat tot nou toe die volkseienaardighede geskei het, word weggeneem. Hulle ruil as het ware hulle sedes en volksowerleweringe, hulle meninge, hulle maniere van oorlog maak en hulle kuns. Die geeste word bevry, die gesigseinder van denkbeelde en kennis uitgebrei.

Daar kom hulle—nee jammer genog maar enkele!—uit die Ooste terug. Maar „Jerusalem is verower, die heilige



*Die Kruisvaarders.*

graf is bevry!"—Klink as 'n blye boodskap die Westerse kristenheid tegemoet.


'n Ongekende vreugde laat die hart van enigeen wat dit verneem klop; laat sy oog tintel, nie genoeg kan daar gekyk word na die produkte wat die Ooste oplewer nie, en hulle word nooit versadig van luister na die verhale van die ontmoetings, die gevegte, die gevare, die oorwinnings van ridders en knegte.

En hoe baie legendes en fabels het daar as geurende blomme met die kruisridders saamgekom uit die ver land van beloftes, die land van die son, die land van die goud, en word nou sorgvuldig opgekweek en voortgeplant!

Dit alles wek op tot dink en werk, tot sing en dig; die burgerstand ontstaan, handel en nywerheid neem toe, en die romantiese kuns laat sy fris lentesange hoor by die dageraad van die nuwe geskiedenis, en meng oorsterse gloed met kristelike geloof, die stoutste heldemoed met die tederste liefdegevoel deureen in lieflike en vrolike melodieë.

L. R. BEYNEN.

Wie vader en wie moeder eer,
En niks nie liewerster begeer
As hulle te versorg,—
Hy het die beste daad verrig:
Die loon is groot op kinderplig—
Daar staan Gods woord vir borg.



## DIE OOG.

Gewoonlik sê ons, dat die mens vyf sinne het, wat ieder deur 'n afsonderlike sintuig werk. So het ons die gesig, die gehoor, die reuk, die smaak en die gevoel. Ons sien deur ons oë; hoor met ons ore; ruik met die neus; proe met die tong; en voel met ons gehele liggaam.

Die gesig is miskien een van die vernaamste sinne, wat ons besit. Ag, hoe beklaenswaardig is tog 'n blinde kind. Hoeveel moet hy mis, wat ons het. Hy kan nie die pragtige son aanskou nie, kan nie die heerlike natuur bewonder nie, ja, hy het nooit eers die lieflike oë van sy moeder gesien nie. Ons oë, kinders, is allerkostelikste sake, wat ons van die Here gekry het. Laat ons 'n bietjie 'n oog nader bekyk.

Hier het ons 'n mooi tekening daarvan: die vernaamste deel is 'n bol van glasagtige stof, wat deur 'n soort van gordyn afgesluit word van die voorste kamertjie, wat met 'n vloeistof gevul is.

Hierdie gordyn kan julle duidelik sien, as julle in iemand se oë kyk. By sommige mense is dit blou, by ander bruin, ens. Hy het in die middel 'n swart, ronde plekkie, wat die pupil genoem word. Hierdie swart plekkie is egter niks anders as 'n gaatjie nie, waardeur die lug die agterste donker kamer binnekom. Agter hierdie gaatjie sit 'n lens, dit wil sê, iets wat lyk op 'n ou man se brilglas, in die middel dik en aan die kante dun.

Deur die lens word die ligstrale, wat in die oog dring, gebreek, sodat hulle saamval op die agterkant van die oog, wat met 'n netvlies bedek is. As die oog van 'n mens goed is, dan kom daar op die netvlies 'n klein, duidelike prentjie van die ding, waar mens na kyk. Is die lens egter plat, dan val die ligstrale nie op die netvlies nie en is hy te rond, dan ook nie. Dan moet mens 'n bril koop, om dit weer te verhelp. Is die lens te plat, dan koop mens 'n bril met glase, wat in die middel dik is, en is hy te dik, dan een met glase, wat in die middel dun is. Dan kan so 'n mens weer behoorlik sien. 'n Mens met goeie oë het dikwels 'n bril nodig, as hy oud word, en as mens jong mense met 'n bril-sien rondstap, is hulle gewoonlik kortsigtig, dit is, hulle kan nie ver sien nie. Die kinders moet gedug vir hulle oë oppas. By skrywe moet julle tog nie vooroor buig, en met die neus op die skryfboek gaan lê nie. Daardeur juis word die gesig sleg. En dis ook 'n goeie ding om jou te oefen om ver te sien; ons kaffers kan baie verder sien as ons. En dit is alleen so, omdat hulle hulle al van kindsaf geoefen het om hulle oë te gebruik.

As julle vader weer eendag 'n bees slag, vra hom dan om een van die oë ope te sny. Julle kan die lens daar gemaklik uithaal, en daar deur kyk net soos deur 'n brilglas.

Let nou op, hoe veilig 'n oog ingepak is. Dit sit in die middel tussen kussings vet, diep in die ooghołte. Dit

kan nie lig beskadig word nie, en dit is ook maar goed. Ons jongetjies is soms al te lief, om mekaar met die vuis in die gesig te slaan, en 'n paar blou oë te gee. As die eintlike oog nie so diep in die hoof sit nie, sou hul miskien mekaar se oë heeltemal stukkend slaan.

Voor die oë sien ons die ooglede. Vernaamlik d boonste is belangrik. Dit gaan gedurig op en neer weet julle waarom? Om die oog vogtig en skoon te h Want binne in die boonste ooglid sit die traanklier, genoeg vogtigheid het om die venstertjie mooi skoon was.

En die vuil waswater vloei uit die oog deur 'n py na die neus toe.

Het julle al ooit opgemerk, dat die opening in ons oog groter en kleiner kan word? Nie? nou, neem dan vanaand 'n brandende kers en hou hom tussen jo gesig en die spieël. Die pupille is nou heeltemal klein Maar trek nou die kers langsaam tussen jou gesig en die spieël weg, en julle sal die pupille sien groter word. Hoe meer lig, hoe nouer opening is daar nodig. On maak tog ook die vensters toe, as die son so fel sk. Weet julle nou, waarom julle die oë toeknyp, as j van buite af in die verligte kamer kom? Om die pupille tyd te gee om kleiner te word. En omgekeerd, as julle uit die verligte kamer na buite in die donker gaan, kan julle eers niks sien nie. Waarom nie? Omdat d pupille in die kamer kleiner was en hulle nou buite ee goed moet ooprek, om die swak lig binne te laat. Jul kan dit aan 'n kat sê oë ook sien: oordag sien ons smal spleet, maar saans is die pupil heeltemal ron

*(Uit De Buitenscho*

JUTA